



OLIESADE-OORSIG

Rekordproduksie in die Noordelike Halfrond plaas druk op pryse

– 6 Augustus 2013

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Die Noordelike Halfrond-produksie vir oliesade lyk tans baie gunstig en kan druk plaas op internasionale pryse. Dit is mits die weer saamspeel in die volgende twee maande tot en met Oktober.

Internasionale markte

Die prys van sonneblom het redelik dramaties gedaal aan die einde van Julie; dit is hoofsaaklik as gevolg van Europese lande wat hulle oeste begin stroop. Die verwagting vir vroeg in Augustus is dat die oestempo baie sterk sal groei en dat daar rekordoeste verwag kan word teen einde September.

Talle Oosbloklande het baie goeie oeste die seisoen en volgens verhandelars is die verwagting dat Roemenië tussen 1,8 miljoen ton en 2 miljoen ton gaan stroop teenoor 1,36 miljoen ton die vorige jaar.

Daar word ook verwag dat Bulgarye tussen 1,7 miljoen ton en 1,8 miljoen ton gaan stroop teenoor die 1,35 miljoen ton die vorige jaar. As al die Swartseelende in ag geneem word, is dit moontlik dat die rekord-oes van 19,9 miljoen ton oorskry kan word met die huidige oes.

Buiten die Swartseelende, doen ander Europese lande ook baie goed. Dit sluit lande soos Spanje, Frankryk en Turkye in. Die

wêreldproduksie is tans geskat op 'n nuwe rekord van 40,2 miljoen ton – dit is 'n styging van 13%. Die hoë produksievlakke van sonneblom plaas geweldige druk op die pryse.

In terme van sojabone lyk die produksie in die Noordelike Halfrond tans baie goed – daar is nietemin groot bekommernisse ten opsigte van ryp. Sojabone is redelik laat aangeplant en dit beteken dat dit die plante redelik oop maak vir koueskade. Teen begin Augustus was die temperature laer as normaal en het dit die mark so bietjie bekommerd.

In Kanada is daar groot verwagtinge vir 'n goeie oes, mits die weer gunstig bly. Die vooruitsig is tans dat die Kanadese 'n rekord-oes van 15 miljoen ton kan produseer. Kanola het egter ook 'n baie groot ryprisiko.

Die kanola-oes is ook redelik laat geplant, sommige van die gebiede kon eers in Junie plant. Dit beteken dat die hele oes met ten minste 'n paar weke agter is en dat meeste van die plante eers teen einde September volwassenheid bereik.

Dit is reeds later as die normale siklusse en daar sal al klaar in sekere gebiede ryp voorkom (Saskatchewan, Alberta en Manitoba). As ryp in laat Augustus voorkom, kan dit 'n groot effek op die kwaliteit sowel as die opbrengste hê.

Oor die algemeen is daar 'n sterk beerneiging in die internasionale markte. Dit is grootliks te danke aan baie hoë verwagte produksiesyfers. Teen Augustus het die pryse reeds gedaal en is die verwagting dat pryse nog verder kan daal soos die markte vanaf die Suidelike Halfrondvoorrade na Noordelike Halfrondvoorrade beweeg. Soos in Tabel 1

TABEL 1: BELANGRIKSTE OLIESAADPRYSE (DOLLAR/TON EN RAND/TON).

Produk	1 Augustus 2013	Augustus 2012	% verandering
Sojabone (VSA CIF Rotterdam)	494	662	-25
Sojabone (Brasilië)	541	694	-22
Sonneblomsaad (EU)	415	629	-34
Grondbone (VSA 40/50)	1 300	2 175	-40
Palmolie (Maleisië)	750	990	-24
Soja-olie (VSA)	967	1 211	-20
Sonneblomolie (Arg)	851	1 189	-28
Sojakoek (Arg)	539	601	-10
Vismeel (Peru)	2 150	1 570	37
Rand/\$	9,85	8,27	19

Bron: Reserwebank en Oilworld


TABEL 2: PLAASLIKE OLIESAADPRYSE.

Gewas	5 Augustus 2013	6 Augustus 2012	% verandering
Sonneblom	4 701	5 210	-10
Afgeleide sonneblom	5 764	5 304	9
Sojaboon	4 985	5 237	-5
Afgeleide sojaboon	5 587	6 170	-9
Soill Kanola	4 400	4 550	-3

Bron: Safex en Graan SA


TABEL 3: MONITORPUNTE VIR DIE VOLGENDE PAAR MAANDE.

Drywer	Faktor	September	Oktober	November	Desember
		Prysbeweging			
Wisselkoers	Verswak			↗→	↗→
Ryp in VSA/Kanada	Kan moontlik plaasvind	↗	↗		
Ryp in VSA/Kanada	Nie plaasvind	↘	↘		
Rekordoeeste in VSA en EU	Vind plaas	↘	↘		




Grafiek 1: Rand/dollar-wisselkoers.

Bron: Reserwebank



Grafiek 2: Sojabone invoer- en uitvoerpariteit.

Bron: Graan SA



Grafiek 3: Sojabone invoer- en uitvoerpariteit.

Bron: Graan SA

gesien kan word, het internasionale pryse aansienlik gedaal teenoor dié van 'n jaar te vore.

Suid-Afrikaanse mark

Die plaaslike oliesaadpryse volg steeds die internasionale pryse, alhoewel die pryse sterk deur die wisselkoers ondersteun word. Die ekonomiese groei is tans baie stadig met 'n redelike groot begrotingstekort. Nog 'n belangrike aspek om in ag te neem, is dat Suid-Afrika ook 'n taamlike groot handelstekort het.

Met die nuwe verkiesing aan die einde van die jaar en swak beleide, bly die rand verswak en is die verwagting dat die wisselkoers selfs tot by R/\$12 kan beweeg. Dit kan pryse sterk ondersteun (Grafiek 1).

Die wisselkoersverswakking kan 'n buffer wees vir die dalende internasionale pryse. Daar moet in gedagte gehou word dat die wisselkoers baie volatiel is en dat dit op 'n gereelde basis noukeurig dopgehou moet word. Die wisselkoers en voorraadvlakke het reeds pryse ondersteun aan die einde van Julie en begin Augustus (Grafiek 2 en Grafiek 3). Dit het veroorsaak dat sonneblom en sojabone nader aan invoerpariteitspryse verhandel het.

In die volgende drie maande gaan internasionale pryse wel 'n groot impak op plaaslike pryse hê. Die VSA begin stroop vanaf September tot Oktober en dit kan beteken dat daar 'n relatiewe groot aantal voorrade in die internasionale mark vrygestel gaan word.

Pryse kan hierdeur onder druk geplaas word. Dit beklemtoon die belangrikheid om die markte noukeurig dop te hou. Dit sal belangrik wees om faktore soos ryp-toestande in die VSA en Kanada asook oestoe-toestande vir dié gebiede dop te hou. Plaaslik sal die wisselkoers 'n baie belangrike rol speel (Tabel 3) weens die feit dat daar sterk seine is vir 'n beeffase. Dit sal vir produsente belangrik wees om die redelike goeie ou seisoen pryse goed te benut en te kyk na verskansingstrategieë voor September/Oktober vir die nuwe oes. ■

Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die
Olíe- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.